

V. HERDENKINGS MET GEDEELTELIKE STATUTÊRE ERKENNING TOT DIE VOORAAND VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1882 TOT 1898)

1. BYEENKOMSTE IN DIE BOEREREPUBLIEKE EN NATAL (1882 TOT 1885)

Na afloop van die euforiese Paardekraalfees van 1881, was baie Transvalers van mening dat so ‘n fees jaarliks daar moes plaasvind. Die Volksraad het op 22 Junie 1882 ‘n bedrag van £500 bewillig sodat die ZAR se onafhanklikheid op soortgelyke wyse in 1882 by Paardekraal gevier kon word. Die Afrikanerbond van Transvaal wou hierdie fees gebruik om Afrikaners in die verskillende state en kolonies in Suider-Afrika saam te snoer. Die plan was om tydens die fees die Transvaalse Afrikanerbond behoorlik te organiseer en dan saam met afgevaardigdes uit die Vrystaat en Kaapkolonie tot die stigting van ‘n sentrale bestuur oor te gaan. Die Paardekraalfees sou dus ook dien as ‘n Afrikanersaamtrek ter bevordering van Afrikanerbelange. In dié jaar het ‘n pokke-epidemie egter in die Kaapkolonie uitgebreek. Die fees is gekanselleer omdat gemeen is dat die verwagte groot samekoms van mense by Paardekraal die verspreiding van die siekte kon vererger. Niks het van die Afrikanerbond se planne gekom nie.¹

Saterdag 16 Desember 1882 is in die ZAR veral as dankdag en Sabbat gevier. ‘n Kanonsaluut van een-en-twintig skote is vanuit die militêre kamp in Pretoria gevuur om die inwoners aan die spesiale betekenis van die dag te herinner. Geleentheidsdienste het binne die stad se gemeentes plaasgevind. Daarbenewens is private herdenkings ook gehou. Gewoonlik was winkels en kantore in dié jare heeldag lank op Saterdag oop, maar op 16 Desember het die meeste reeds om 12:00 vir die vakansiedag gesluit.²

In die uitgawe van *De Volksstem* wat op 16 Desember 1882 verskyn het, is verklaar dat blanke oppergesag oor anderskleuriges tydens die Bloedrivierslag bevestig is. Die hoop is verder uitgespreek dat dit ook geval met die eietydse rassekonflik sou wees.³

¹ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 28-29; Sentraal Feestkommissie, *Offisieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, p. 10; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 52-53.

² *De Volksstem*, 1882-12-20 (Berig), p. [2].

³ *De Volksstem*, 1882-12-16 (Berig), p. [2].

In 1882 het die Transvaalse Regering die mening uitgespreek dat Dingaansdag ook elders in die Republiek gevier moes word.⁴ Op 24 Julie 1883 het die Volksraad besluit dat dit elke burger sou vrystaan om jaarliks by Paardekraal saam te trek. Die Regering sou egter voortaan slegs elke vyfde jaar ‘n offisiële viering aldaar aanbied. Die eerste datum vir so ‘n Staatsfees is vir 1886 bepaal. Daar is gevrees dat ‘n jaarlikse fees op hierdie groot skaal op die lange duur bloot in ‘n gewoonte sou ontaard wat beide onwenslik was en nie die Regering se onkoste en moeite sou regverdig nie. Om die fees te kon bywoon, sou boere uit afgeleë streke jaarliks vir dae lank hulle plase moes verlaat, wat uiters onproduktief sou wees. Dit sou dus beter wees as dit net een keer in vyf jaar plaasvind. Die Staat het die leraars van die verskillende kerke versoek om die Geloofte op die Sondag naaste aan 16 Desember in hulle gebede te herdenk. Die volk het aan die versoeke gehoor gegee. Voortaan is ‘n meer plaaslike fees jaarliks by Paardekraal aangebied, met die uitsondering van 1886, 1891 en 1896 toe groot Staatsfeeste plaasgevind het.⁵

In Natal was ‘n desentralisering van feeste teen 1882 al hoe meer aan die orde van die dag. Pietermaritzburg, Weenen en Bloedrivier se vierings was reeds gevestigde instellings en vanaf 1883 het Ladysmith ook jaarliks ‘n Dingaansfees aangebied.⁶

In 1884 is Dingaansdag se status as openbare vakansiedag streng in Transvaal gehandhaaf. Met sonop is ‘n kanonsaluut van een-en-twintig skote weer uit die militêre kamp in Pretoria gevuur. Dit het talle inwoners blykbaar letterlik laat wakkerskrik! Die stad se winkels was dié dag almal gesluit en spesiale dienste is die oggend in die sogenaamde Nederlandstalige kerke (dus Afrikanergemeentes) gehou. Talle families het uitstappies vir die middag beplan, maar reën het dit in die wiele gery.⁷ Die koerant *De Volksstem* het wel op 16 Desember 1884 verskyn.⁸ Soos gebruikelik het ‘n krieketwedstryd op dié dag in Pretoria plaasgevind. Die deelnemende spanne was bekend as die “Homeborns” en “Colonials”, wat die vermoede versterk dat die meeste spelers Engelssprekendes was. Laasgenoemde span het as oorwinnaars uit die stryd getree.⁹

⁴ H.M. Rex, Die viering van Geloftedag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 15.

⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 30-31; Sentraal Feestkommissie, *Offisieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, pp. 10-11; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 28.

⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 29.

⁷ *De Volksstem*, 1884-12-23 (Berig), p. [2].

⁸ *De Volksstem*, 1884-12-16.

⁹ *De Volksstem*, 1884-12-19 (Berig), p. [2].

In 1885 het die Sinode van Vrystaatse Ned. Geref. Kerk die herdenking van Dingaansdag ten sterkste by alle lidmate aanbeveel. As gevolg van hierdie kentering teenoor hulle besluit van 1869, het feeste op klein skaal in die OVS begin plaasvind. Dit is interessant dat hoewel die Vrystaat soos die ZAR ‘n Boererepubliek was, die inisiatief om die Gelofte daar te gedenk soos in Natal, van kerklike kant (en nie die owerhede nie) gekom het.

In dieselfde jaar is die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk amptelik in Transvaal gestig. Selfs op 16 Desember 1885 is die Kerk se vergadering voortgesit. Een van die ouderlinge het geweier om dié dag se sitting by te woon omdat hy Dingaansdag as ‘n godsdienstige feesdag beskou het. Al het die res van die afgevaardigdes duidelik nie sy sentimente gedeel nie, het hulle wel aanbeveel dat die dag deur die volk gevier moes word. Die aand is ‘n plegtige geleentheidsdiens aangebied.¹⁰

Die koerant *De Volksstem* het lesers herinner dat die oorwinning oor Dingane in 1885 vir die sewe-en-veertigste keer herdenk is. Volgens redaksionele kommentaar was 16 Desember “... een dag waarop elk waar Afrikaan, maar vooral ieder Transvaler, met regmatigen trots niet alleen, maar ook met innige dankbaarheid terugziet, ja, een dag die nooit door ons volk mag vergeten worden.” Die geskiedenis van die Bloedrivierslag van 1838 is kortliks vanuit F.L. Cachet se geskifte aan die lesers van dié koerant verhaal en hulle is by voorbaat aangemoedig om die Staatsfees in Desember 1886 by Paardekraal by te woon.¹¹

Die vierings by Bloedrivier het buitelugfeeste as ‘n tradisie gevestig. In Suid-Afrika word Desember gekenmerk deur hitte of stormagtige weer. In die somerreënvalstreke het die spreekwoord “Op Dingaansdag geen zegen zonder regen” selfs in die volksmond ontstaan.¹² ‘n Tipe skuiling sou dus by die feesterreine verwelkom word. Op 15 Desember 1885 het genl. S.W. Burger (1852-1918) die hoeksteen van ‘n feessaal by Belfast gelê.¹³ Dit was sover bekend die eerste van ‘n menigte soortgelyke strukture wat mettertyd deur die land opgerig sou word en het bewys hoe deeglik feeste nou in gemeenskappe gevestig geraak het.

¹⁰ M.J. Swart, *Gelofte dag*, pp. 29-30.

¹¹ *De Volksstem*, 1885-12-17 (Berigte), pp. [2]-[3].

¹² *De Volksstem*, 1922-12-22 (Dingaansdag-feesviering), p. 6.

¹³ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 106-107; *Beeld*, 1984-12-13 (Berig), p. 19.

2. FEESTE VAN 1886

a. Staatsfees by Paardekraal

Die vyfjaarlikse Paardekraalse Staatsfeeste wat in 1883 deur die Volksraad aangekondig is, sou in Desember 1886 ‘n aanvang neem. Op 19 November 1886 het M.W. Pretorius die Transvaalse Regering per brief versoek om die gedenkteken by Paardekraal permanent in ere te hou, aangesien dit aan ‘n gelofte aan God gekoppel is. Pretorius was die eienaar van die grond waarop die klipstapel geleë was en het dit met dié versoek aan die Staat geskenk. Volgens hom was die nageslag se trou aan die Gelofte vir hom voldoende beloning in ruil vir die daad.¹⁴

Hoewel ‘n ernstige droogte geheers het, het tussen vier- en negeduisend feesgangers by dié jaar se Staatsfees opgedaag. Omtrent ‘n kwart van die aanwesiges was anderstaliges, want 1886 was die jaar waarin goud aan die Witwatersrand ontdek is. Pres. Paul Kruger het dan ook in sy rede by Paardekraal gepraat oor die aanpassing by die nuwe landsomstandighede wat deur die goudstormlope veroorsaak is.

‘n Groot aantal tente is vir die kampeerders opgeslaan en daartussen is netjiese “strate” met wit klippe afgebaken. Ongelukkig was daar ‘n totale gebrek aan sanitêre geriewe. Die atmosfeer was alles behalwe gewyd. ‘n Orkes het vir vrolike musiek gesorg. Hoewel ‘n verbod op die verkoop van sterk drank op die terrein geplaas is, het dit wel geskied. Daar was selfs dobbel tafels, waarvan een deur ‘n beeldskone Duitse dame bedryf is. Die pers het haar met die Bybelse Vrou van Babilon vergelyk ... Luidrugtige jongmense uit die Paarl het op ‘n trompet geblaas en *Rule, Britannia* en *God save the Queen* probeer sing, maar van die aanwesiges het hulle met ‘n paar klappe gestil. Die jongmense se verweer was dat hulle vies was omdat pres. Kruger hulle nie behoorlik verwelkom het nie. Op die ou einde is hulle gestraf met ‘n drag slae, waarna hulle ‘n halwe dag lank in ‘n donker kas toegesluit is! Die ondersteuners van oud-pres. M.W. Pretorius was weer ontevrede omdat hy nie by die eregaste gesit het nie. Toe die Transvaalse volkslied gesing moes word, het weinig aanwesiges die woorde geken. Die fees het voorwaar teen die byeenkoms van 1881 afgesteek!¹⁵

¹⁴ J.J. van Tonder, ‘n Paar Paardekraalflitse, in Paardekraalse Feeskommissie, “Staatsfees” 1961 Paardekraal, p. [14].

¹⁵ W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, p. 18; M.J. Swart, By hierdie Gelofte was daar drank en ‘n dobbel-meisie, *Die Huisgenoot* 42(2230), 1964-12-18, p. 18.

Na aanleiding van die goudontdekking is Krugersdorp in 1887 naby die Paardekraalterrein aangelê.¹⁶ Die dorp se geskiedenis was van meet af aan nou met die geskiedenis van die Gelofte verweef en die Paardekraalmonument sou later sentraal op die dorp se wapenskild voorkom.¹⁷

b. Vrystaatse fees by Doornkraal

In die Vrystaat is ‘n noemenswaardige fees in 1886 op Sarel Cilliers se plaas Doornkraal gehou. Die program het vir die sterk godsdienstige karakter van die byeenkoms (in teenstelling met die Staatsfees in die ZAR) gesorg. Dit het voortaan ‘n jaarlikse tradisie aldaar geword.¹⁸

3. DESENTRALISASIE VAN TRANSVAALSE HERDENKINGS (1887)

Transvaalse byeenkomste het na 1886 al meer gedentraliseer. Aanvanklik het alle Dingaansfeeste onder kerklike of Staatsbeheer gestaan. In 1887 het ‘n demokraties verkose feeskomitee egter ‘n Dingaansfees in die Steenkampsberge (distrik Lydenburg) georganiseer. Oral waar 16 Desember gevier is, sou soortgelyke komitees of kommissies mettertyd aangewys word om die reëlings te behartig. Die lede is gewoonlik jaarliks tydens die vierings verkies, soos vaste feesplekke tot stand gekom het.

By bogenoemde fees naby Lydenburg het die teenwoordiges in 1887 met hulle ossewaens laer getrek. ‘n Perdekommando het uitgery om die sprekers te verwelkom en ‘n skyngeweg is ook gehou.¹⁹ ‘n Soortgelyke byeenkoms het dié jaar ook by Ermelo plaasgevind.²⁰

4. HALFEEUFES VAN DIE GELOFTE BY BLOEDRIVIER (1888)

In Desember 1888 was dit presies ‘n halfeeu nadat die Gelofte by Bloedrivier afgelê is. Reeds in 1887 is ‘n komitee op die been gebring om fondse vir ‘n monument ter herdenking van hierdie mylpaal in te samel, maar hulle het nie veel sukses gehad nie. ‘n Groot fees is wel vir 16 Desember 1888 op die Bloedrivierterrein beplan. Dit het as die Jubelfees bekendgestaan.

¹⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, pp. 144, 146.

¹⁷ W. de Klerk (red.), *Krugersdorp 100 jaar/years*, p. 1.

¹⁸ T.N. Hanekom, By die wieg van ons Geloftefees, *Die Kerkbode* 84(24), 1959-12-16, p. 971.

¹⁹ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, pp. 58, 61; F.A. van Jaarsveld, Geloftegedag in die ban van die tyd, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, pp. 228, 231.

²⁰ F.J. du Toit Spies, Onsekerheid in verband met die Gelofte van 1838, *Historia* 33(2), November 1988, p. 61.

Pres. Paul Kruger, vergesel van kmdt.-genl. Piet Joubert, het per perdewa daarheen gereis om dit by te woon. ‘n Groot aantal belangstellendes het uit Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat opgedaag, onder wie vyf predikante. Die kamp het bestaan uit tente en sowat sewentig waens en ander rytuie wat om die kliphoop saamgetrek was. Van die waens is in twee parallelle rye getrek en seile is daarvoor gespan. Dit het ‘n “watentkerk” gevorm waarbinne al die verrigtinge plaasgevind het.

Die aand van 15 Desember 1888 het ds. H.L. Neethling van Utrecht vir Kruger en Joubert verwelkom. Die volgende dag is ‘n diens om 11:00 deur ds. Neethling gelei en vanaf 13:00 het ses oud-stryders wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het, hulle herinneringe met die aanwesiges gedeel.

Na afloop van die fees is ‘n vergadering deur die vierders oor die oprigting van ‘n monument ter ere van Retief en sy manne gehou. Pres. Kruger het by die geleentheid genoem dat ‘n nasionale monument vir die Trekkers in Pretoria opgerig moes word — ‘n idee waarmee hy sy tyd ver vooruit was (die hoeksteen van Pretoria se Voortrekkermonument is naamlik eers vyftig jaar later, op 16 Desember 1938 gelê). Nadat verskeie ander plekke vir ‘n Retiefmonument voorgestel is, is op Vechtkop — die koppie by Bloedrivier en nie die Vrystaatse slagveld nie — besluit. ‘n Komitee is opnuut saamgestel om fondse vir die monument in te samel, maar weer het hulle baie beperkte sukses met hulle pogings gehad. Van 1888 tot 1894 is feeste gereeld by Bloedrivier gehou, maar die idee van ‘n monument is nie weer na behore bespreek nie.²¹

Die belangrikste gevolg van 1888 se fees is dat dit andermaal die 1838-Gelofte, in plaas van die Transvaalse vryheidstryd, sentraal as tema in Dingaansdagvierings teruggeplaas het.²²

5. PAARDEKRAALFEESTE (1888 TOT 1891)

a. Kerklike fees (1888)

Hoewel die sentrale fees van 1888 by Bloedrivier was, het die Ned. Herv. Kerk besluit om in dieselfde jaar ook ‘n fees by Paardekraal aan te bied. Sedert hierdie kerk in 1885 opnuut probeer het om onafhanklik voort te bestaan, het dit gesukkel om op die been te kom. Tog het

²¹ *De Volksstem*, 1888-12-31 (De reis van ZHed. den Staatspresident), p. s.n.; AREA, Bloemfontein: PV 202, Lêer 11/5/1/1/1: Program van die feesviering in verband met die onthulling van die monument by Bloedrivier gedurende 13 – 16 Desember 1947, p. [1]; O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, simbool van vryheidsin, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14; O.J.O. Ferreira, ‘n Volk se hulde. *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, pp. 189-191.

²² P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 61.

lidmate en ampsdraers alles in die stryd gewerp om van die 1888-Paardekraalfees ‘n sukses te maak. Anders as vorige feeste op die terrein, sou dit nie ‘n volksfees wees nie. Die kerk se doel was suiwer om die Gelofteverbond met God te hernu en 16 Desember as dank- en gebedsdag aan Hom toe te wy. Alle belangstellendes is hartlik na die byeenkoms uitgenooi.

Ongeveer tweehonderd waens en karre en omtrent ‘n duisend mense het die fees bygewoon — ‘n groot aantal as die toestand van die kerk op dié tydstip in ag geneem word. Die waens en tente is in ‘n reghoekige laer by die kliphoop getrek en die dank- en bidure is in die middel daarvan onder bokseile en die wapperende Vierkleur aangebied.

Die verrigtinge het op 15 Desember 1888 om 17:00 onder leiding van ds. M.J. Goddefroy met ‘n dankdiens ‘n aanvang geneem. Hy het die aanwesiges herinner dat die Trekkers aan God beloof het om, indien hulle die Zulumag sou oorwin, die oorwinningsdag jaarliks soos ‘n Sabbat deur te bring.

Op 16 Desember 1888 het die vierders vroeg opgestaan en om die kliphoop saamgekom. Om 10:00 het ds. Goddefroy die hoofpreek gelewer en vir die eerste keer, sover vasgestel kon word, is ‘n tiental kinders ook by Paardekraal gedoop. Die rede hiervoor is miskien dat van die teenwoordiges van verafgeleë gebiede gekom het en die geleentheid waar ‘n predikant teenwoordig was ook vir die doop wou benut, eerder as dat die sentiment van die dag hulle aangegryp het. Mettertyd sou doopplegtighede by spesiale Dingaansfeeste wel ‘n tradisie word. Om 14:00 het bejaardes oudergewoonte herinneringe uit hulle jeug vertel. Volgens koerantberigte het die vertellings die jonger garde met ‘n brandende vryheidsgevoel en nasionaliteitsbewustheid vervul. Die fees is die middag reeds afgesluit, maar die aanwesiges wou eers op 17 Desember vertrek, dus is 'n aanddiens en vergadering van die kerkraadslede van alle Ned. Herv. gemeentes na sonder daar gehou.

De Volksstem berig dat die verrigtinge van harmonie getuig het en die vierders voldaan en vergenoeg huiswaarts laat keer het. Na afloop daarvan is die kerkraad geprys vir hulle inisiatief om die fees aan te bied. Daar is verklaar dat die geleentheid weer bewys het hoe nodig en besielend dit was om die Geloofte te herdenk.²³

²³ *De Volksstem*, 1888-11-29 (Advertensie: Algemene Commissie der Nederduitsch Hervormde Kerk in de ZAR, Pretoria), p. [2]; *De Volksstem*, 1888-12-27 (Bijeenkomst te Paardekraal), p. [5]; K. Papp, Hervormde Kerk se Geloftedagvieringe, 15-16 Desember 1888 te Paardekraal, *Die Hervormer* 86(17), 1993-12-01, p. 8.

b. Oprigting van die Paardekraalmonument

Vanaf 1889 het verstedeliking in die ZAR skerp toegeneem.²⁴ In Johannesburg was die atmosfeer eerder Brits as Afrikaans en om die rede is Paardekraal steeds bo die Goudstad as terrein vir volksfeeste verkies.²⁵ In dié jaar het landdros J.C. Human van Krugersdorp voorgestel dat 'n monument by Paardekraal bo-oor die seremoniële klipstapel opgerig moes word. Hy het rofweg 'n ontwerp daarvoor geskets. Die argitek S.W. Wierda (1839-1911) het opdrag ontvang om die monument te ontwerp en hy het dit op Human se skets gebaseer. Op 14 Desember 1889 was die ontwerp gereed en in 1890 is J. Munro se tender van £3 640 vir die bou daarvan aanvaar. Dit is dieselfde jaar nog voltooi, maar die inwyding sou eers tydens die Staatsfees in 1891 plaasvind.²⁶

c. Paardekraalfees (1890)

Op 16 Desember 1890 is 'n kleiner Dingaansfees oudergewoonte by Paardekraal gevier. Die volgende dag het Afrikaners by Doornkop naby Johannesburg saamgetrek en die fees met atletiek, perdewedrenne, toutrek, musiek en 'n dans op oopgespreide waseile onder die vrugtebome voortgesit.²⁷

d. Paardekraalse Staatsfees (1891)

In 1891 het die Paardekraalse Staatsfees soos beplan plaasgevind. Meer as tienduise mense het tussen 15 en 17 Desember 1891 daar byeengekom. Anders as by vorige Staatsfeeste het die gebeure van 1838 pertinent aandag geniet. Die gedrukte program het die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier vermeld en Cilliers se weergawe van die Gelofte is daarin afgedruk. Tog is die tienjarige herdenking van die ZAR se onafhanklikheid van Brittanje ook gevier. Die program van die drie dae was soortgelyk aan die fees van 1881, met beide ligte vermaak soos vuurwerkvertonings en wapenskoue, asook ernstige godsdiensoefeninge.

²⁴ F.A. van Jaarsveld, Die Afrikaner se Groot Trek na die stede 1886-1976, in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 171.

²⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

²⁶ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 842; W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 18-19.

²⁷ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

Op 16 Desember 1891 is die dag om 06:00 met ‘n saluut van een-en-twintig skote begin. Daarna het die musiekkorps van die Staatsartillerie die volkslied gespeel. Pres. Paul Kruger was die hoofspreker en het ook die monument onthul. In sy hoofrede het hy beklemtoon dat 16 Desember as feesdag deur God aan die volk gegee is. Hy het gewaarsku teen ‘n verwêreldliking van die dag — 16 Desember het volgens hom van God se mag in die geskiedenis getuig en mense moes nie daarop verheerlik word nie. Die aanwesiges is deur hom herinner dat donker tye (naamlik die Anglo-Transvaalse Oorlog) gevolg het toe die Geloofte nie eerbiedig is nie.²⁸ Kruger se toespraak was nie sonder kontroversie nie. Hy het die aanwesiges aangespreek as “Kinders van die Here, julle ou inwoners van die land, julle vreemdelinge, julle nuwe komelinge, ja selfs julle diewe en moordenaars.” Dit bewys dat die teenwoordiges weer uit meer as net Afrikanerfeesgangers bestaan het. Na die tyd was daar ‘n polemiekie in die pers want daar is beweer dat Kruger die goudelwers as diewe en moordenaars getipeer het.²⁹ Deur die jare sou omstredenheid oor toesprake by Dingaansfeeste, helaas, op sigself ‘n tradisie word!

‘n Ander interessante toespraak by die fees was die rede van hoofregter J.G. Kotzé (1849-1940).³⁰ Hy het drie onderwerpe aangeroe, naamlik dat kinders eers goeie skoolopleiding moes kry voordat hulle gaan boer het, dat anderskleuriges in die ZAR as arbeiders ontwikkel moes word en dat die assimilasie van immigrante noodsaaklik was. *De Volksstem* het in aansluiting by die regter se rede gepleit dat die Paardekraalfeeste gebruik kon word om sodanige assimilasie te bevorder.³¹ Dit is nooit doelbewus gedoen nie, maar was immers ook nie die doel met die viering van 16 Desember nie.

Die 1891-Staatsfees se verrigtinge het laataand eers ten einde geloop. Vele Johannesburgers het dit te perd bygewoon, want die spesiale treine vanaf die stad was oorvol. Normaalweg sou ruiters in die daglig huiswaarts keer, maar dit was só ‘n helder maanligaand dat hulle in die maanskyn kon terugry.³² So het die byeenkoms op ‘n heel romantiese noot ten einde geloop.

²⁸ S.J.P. Kruger, *Aanspraak ZH Ed.* [sic] *den Staatspresident S.J.P. Kruger gehouden te Paardekraal, 16 December, 1891*, pp. 1-5; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 31-33; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 31-32.

²⁹ A. Coetzee, *Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936*, p. 85.

³⁰ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 438.

³¹ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 58.

³² E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

6. UITBREIDING VAN HERDENKINGS IN TRANSVAAL (1892 TOT 1895)

a. Erkenning deur die Ned. Geref. Kerk (1892)

In 1892 is Dingaansdag by die Sinode van die Transvaalse Ned. Geref. Kerk pertinent as ‘n kerklike feesdag beskryf, wat beteken dat dit voortaan in dieselfde lig as byvoorbeeld Hemelvaartdag beskou is. Die Sinode het opdrag gegee dat die dag dienooreenkomstig met erns gevier moes word.³³

b. Gemeenskapsfeeste groei in Transvaal (1892 tot 1893)

Vanaf 1892 het Dingaansfeeste by Heidelberg (Transvaal) ‘n gereelde instelling geword.³⁴ Dit was ook reeds ‘n vaste tradisie in die omgewing van Lydenburg. In 1893 is ‘n besondere Dingaansdaggedig daar by die jaarlikse herdenking voorgedra. Ten spyte van enkele moderner uitdrukkings, is dit na bewering tydens die Groot Trek geskryf. Dit is later deur die historikus dr. G.S. (Gustav) Preller (1875-1943)³⁵ aan een van die Trekkers van die Spiesfamilie, wat bekend vir hulle rym- en musikale talente was, toegeskryf. Dit lui:

Wij gedenken aan de slag te Bloedrivier,
toen ons vad'ren streden onder Gods banier.
O, Blauwkrans, wij gedenken aan uw moorden,
toen barbaren onze panden daar doorboorden; —
geen grijsaard, geen moeder werd er gespaard;
ja, zelfs zuigelingen kwamen om door het zwaard!
Hoe vreeslik was't, toen de ruiters zagen,
hoe de lijken vergruisd, verminkt daar lagen!
Zij knielden in tranen bij dat bloedbad neer,
en baden vurig, ja smekend tot den Heer
om hen zolang in't leven te sparen
om zich slechts te wreken op de barbaren.

De Heer des hemels hoorde hen aan,
en, waarlik, zij hebben dit met God gedaan!

³³ Ned. Geref. Kerkargief, Pretoria: *Notulen van de gewone Algemeene Vergadering der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Z.A.R.*, 1892-05-09 en volgende [sic] dagen, p. 10.

³⁴ F.J. du Toit Spies, Onsekerheid in verband met die Gelofte van 1838, *Historia* 33(2), November 1988, p. 61.

³⁵ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography* I, p. 643.

Wij gedenken aan dien duurgekochten eed,
die onze dierb're vad'ren daar voor God deed,
om dien dag te heiligen in Zijnen naam,
voor de redding die God aan hen had gedaan. —
O, broeders, gedenk aan die heilige dag, —
gedenk, o, gedenk, aan die vreeslike slag,
hoe onzer vaders vaderen had geleden
met biddend opzien tot God!
Om verlossing en vrijheid aan hen te schenken,
opdat zij Zijnen naam voor ewig gedenken!
Dure beloften werden daar gedaan,
om groot te maken Zijn drieheiligen naam.

Zullen wij dan, broeders, die God verzaken,
wiens liefdesvuur voor onze vaderen blakenij [sic]
Ja, zelfs onze dierbare nageslachten
zijn verplicht 't voor Gods troon te herdachten.
Wat zij beloofd en eens bezworen hadden,
moeten wij, hun nageslacht, nooit bekladden!³⁶

Die gedigie mag nie veel literêre waarde hê nie, maar gee 'n duidelike beeld van die negentiende-eeuse ingesteldheid jeens God en die eie geskiedenis. Anders as wat met die meeste van die gedigte oor Dingaansdag die geval is, staan die Gelofte sentraal hierin.

7. HERDENKINGS GROEI IN DIE ORANJE-VRYSTAAT (1890 TOT 1894)

a. Invloed van die Jongelings Debat- en Skiet oefeningsvereniging

In die Oranje-Vrystaat het die entoesiasme vir Dingaansdagvierings al meer toegeneem. In ongeveer 1890 is 'n Jongelings Debat- en Skiet oefeningsvereniging in die distrik Vrede in die lewe geroep. Hierdie vereniging se doel was om die lede bekwame en nuttige burgers van die Vrystaat te maak deur hulle te leer skiet en perdry, 'n nasionaliteitsgevoel onder hulle te ontwikkel en onderwys te bevorder. Lede moes ook leer resiteer en debatteer. Dit het gegroei en toe nog takke in ander distrikte tot stand kom, is 'n kongres in ongeveer 1893 in Reitz gehou ten einde 'n nasionale konstitusie op te stel. By die geleentheid het Rooi Hendrik Prinsloo van Lindley 'n voorstel ingedien dat die vereniging verantwoordelik moes wees om toe te sien dat Dingaansdag jaarliks in die Vrystaat gevier word. Die voorstel is algemeen aanvaar.

³⁶ Anoniem, Dingaansdaggedigie [gedig], in G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense I. 'n Vijftal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek met aantekeninge en bijlaë*, pp. 311-312.

Die eerste fees onder hulle sorg is in 1893 op die plaas Blydskap, distrik Lindley, gevier. Ten spyte van reën en vol riviere, was daar ‘n groot opkoms uit alle dele van die OVS. Anders as wat uit die vereniging se naam afgelei mag word, is mense van alle ouderdomme by die vierings betrek. Daar is uitmuntend daarin geslaag om die herdenking van Dingaansdag in die opelug te populariseer. Op 15 Desember is skietoefeninge, wapenskoue en debatte gehou, maar 16 Desember is meer godsdienstig gevier, met ‘n vroegoggend-biduur, ‘n feesdiens om 10:00, gevolg deur ‘n rede en nog godsdienstige toesprake in die namiddag.³⁷

b. Statutêre erkenning in die Oranje-Vrystaat (1894)

Die sukses van die fees het tot gevolg gehad dat Dingaansdag vir die eerste keer aandag van die Vrystaatse Regering gekry het. Wet 24 van 1894 het 16 Desember tot openbare vakansiedag in hierdie republiek verklaar. Die Volksraad van die OVS het dit wenslik geag om die dag tot “openbare feestdag” te verklaar, omdat hulle die geskiedkundige agtergrond van 1838 in dankbare herinnering wou hou. Die wetsontwerp is op 16 Julie 1894 aanvaar en op 20 Julie 1894 in die *Gouvernements Courant* gepubliseer. Dit het dadelik met publikasie in werking getree.³⁸

Dit is nogal interessant dat een van die volksraadslede, P.M. Botha van Kroonstad, gemeen het dat die Slag van Vegkop (1836) eerder herdenk moes word, omdat Bloedrivier op Natalse grond geleë was en Dingaansdag bowendien jare lank nooit gevier is nie. Hy is deur ‘n ander lid, P.M. McDonald, geantwoord dat om jare lank verkeerd te doen, geen verskoning vir voortgesette sonde was nie!³⁹ Dit bewys in watter ernstige, godsdienstige lig die aangeleentheid beskou is.

Dit kom voor of dié wet nie algemeen bekend was nie, want daar is bronne wat fouteer deur te beweer dat die Vrystaat eers in 1903 wetgewing in hierdie verband aanvaar, en feeste toe eers algemeen aldaar gevier is.⁴⁰ In der waarheid is plaaslike Dingaansfeeste teen 1894 oral in die OVS georganiseer.⁴¹

³⁷ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Viering van Dingaansdag*, pp. 3-6, 8-10; B. Booyens, “*Ek heb geseg!*” *Die verhaal van ons Jongeliede- en Debatsverenigings*, pp. 62-63.

³⁸ Republiek van die O.V.S., *O.V.S. wetten 1892-1898*, p. 46.

³⁹ J.C. Vlok, Die Vrystaat en Dingaansdag, *Iscor Nuus* 10(2), Februarie 1945, pp. 44-45.

⁴⁰ M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 8; W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 74; D.H. Akenson, *God's peoples. Covenant and land in South Africa, Israel, and Ulster*, p. 69; W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 13.

⁴¹ M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 7; *Beeld*, 1983-12-13 (Geloftedag oral met luister gevier), p. 19.

c. Onmin oor feesvierings

Die Jongelings Debat- en Skietoefeningsvereniging het onverpoosd voortgegaan om 'n leidende rol in die organisering van Dingaansfeeste in die Vrystaat te vertolk, maar hulle pad was nie sonder dorings nie. Die Ned. Geref. Kerk was ontevrede met die vereniging se betrokkenheid by feesreëlings, want daar is gemeen dat die lede buite hulle bevoegdheid opgetree het deur hulle met 'n godsdienstige fees soos Dingaansdag te bemoei. Teen ongeveer 1898 het hierdie kerk se Vrystaatse moderator, ds. J.J.T. Marquart (?-1904), vir die vereniging in die bresse getree en verklaar dat hulle aksies aanvaarbaar sou wees, mits feeste altyd in oorleg met plaaslike kerkrade beplan sou word. Sodanige samewerking het geskied en daarmee was die saak opgelos.

'n Tweede probleem was dat die vereniging met die nageslag van Sarel Cilliers gebots het. Die Cilliers-familie het ernstige besware daarteen gehad dat wapenskoue en soortgelyke aktiwiteite op 15 Desember aangebied is. Vir hulle was dit onaanvaarbaar om die nakoming van die Geloofte met militêre vertoon of wêreldlike vermaak te kombineer. Na talle gesprekke is besluit dat 'n meer geskiedkundige kleur voortaan aan 15 Desember gegee sou word. Die historiese items sou streng gekeur word om as gepaste voorbereiding vir 16 Desember se herdenkings dien. Alle partye was redelik tevrede met die besluit.⁴²

d. Vrystaatse feeste van 1894

Op Dingaansdag 1894 het byeenkomste op verskeie plekke in die Oranje-Vrystaat plaasgevind. Van die herdenkings het uitgebreide programme gehad en is op Maandag 17 Desember voortgesit. Dié dag is ook tot openbare vakansiedag verklaar om die sogenaamde dubbele Sabbat te herdenk.⁴³ Daarmee was die patroon vir Vrystaatse feeste in die negentiende eeu vasgelê.

⁴² W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Viering van Dingaansdag*, pp. 12-14; *Pretoria News*, 1904-12-19 (Day by day), p. 5.

⁴³ *De Volksstem*, 1894-12-19 (Dingaansdag), p. [3].

8. TRANSVAALSE HERDENKINGS VAN 1894

a. Poging tot insluiting onder Sondagwetgewing

Die Transvaalse Regering was, soos die Vrystaatse Owerheid, ook in 1894 opnuut met die aard van Dingaansdag as vakansiedag gemoed. ‘n Aantal burgers van die Steenkampsberge het die Volksraad naamlik versoek om 16 Desember onder Sondagwetgewing in te sluit. Die rede hiervoor was dat hulle bekommerd was oor die groot aantal uitlanders wat die dag op oneerbiedige wyse deurgebring het. Die Volksraad het teen die voorstel besluit en verklaar dat ‘n weksdag nie onder Sondagwetgewing kon staan nie.⁴⁴

b. Die “dubbele Sabbat” van 1894

Aangesien 16 Desember 1894 op ‘n Sondag geval het, het Transvaalse Dingaansdagherdenkings in dié jaar volgens *De Volksstem* ‘n “algemener en inniger” aard as gewoonlik gehad.⁴⁵

Die Vereenigde Kerk het ‘n byeenkoms by Paardekraal gehou. Weens swak weer was die opkoms van ongeveer ‘n duisend mense by dié fees minder goed as wat verwag is. Tog was daar selfs mense uit die Oranje-Vrystaat aanwesig. Genl. Piet Joubert was ook teenwoordig en tien predikante is onder die skare getel. Op Saterdag 15 Desember 1894 is ‘n nuwe feestent met sitplek vir ‘n duisend mense tydens ‘n godsdienstige byeenkoms op die terrein in gebruik geneem. Die tent was veral welkom omdat dit swaar gereën het — op 16 Desember was dit oorvol.

Buiten die byeenkoms by Paardekraal, is Nagmaal deur die Ned. Herv. Kerk op die oggend van 16 Desember 1894 in Krugersdorp bedien. In die middag het die Nagmaalgangers hulle by die Paardekraalfees aangesluit en is redes van die predikante en Joubert aangehoor. Die menigte is tevrede uiteen in die wete dat hulle weer hulle Gelofte aan God nagekom en Hom gedank het

⁴⁴ F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 48.

⁴⁵ *De Volksstem*, 1894-12-19 (Dingaansdag), p. [3].

vir die onafhanklikheid van die Transvaalse volk. Planne is reeds vir die volgende jaar se fees by Paardekraal gemaak.⁴⁶

In Pretoria is die Gelofte beide op Sondag 16 Desember en Maandag 17 Desember 1894 herdenk, aangesien laasgenoemde ook ‘n openbare vakansiedag in die ZAR was. ‘n Kanonsaluut is andermaal uit die militêre kamp afgevuur en verskeie regeringsgeboue en private wonings is met Vierkleure versier. ‘n Spesiale piekniek is deur ‘n Pretorianer genaamd mnr. Baker vir die skoolgaande jeug in die Fonteinedal gereël. Op sportgebied is ‘n gimkana op 17 Desember op Pretoria se perderesiesbaan aangebied.

Pres. Paul Kruger was in dié tyd op ‘n amptelike reis en het die feestelikhede by Belfast bygewoon. ‘n Groot aantal mense was daar byeen. By Lydenburg se herdenking was die eregas die ZAR se hoof van mynwese, C.J. Joubert.⁴⁷

9. **LAASTE VIER JAAR SE VIERINGS VOOR DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1895 TOT 1898)**

a. **Vegkop (1895)**

In 1895 het ‘n groep Vrystaters gevoel dat hulle ‘n eie terrein soos Paardekraal benodig waar Dingaansfeeste spesifiek gevier kon word. Die Vegkopslagveld was ‘n logiese keuse vir die doel, aangesien ‘n Dingaansfeestradisie (soos vroeër genoem) reeds daar gevestig was. Dieselfde jaar nog het die plaaslike Jongelingsvereniging die nodige grond aangekoop en ‘n monument ter herdenking van die Slag van Vegkop van 1836 daar opgerig.⁴⁸

b. **Bloukrans (1895)**

Op 16 Desember 1895 is die hoeksteen van ‘n monument vir die gestorwe Trekkers by Bloukrans gelê. Die Trekkers wat op 17 Februarie 1837 deur Dingane se Zulumagte gedood is, is by die monument herbegrawe. Dit is op 17 Februarie 1897 onthul. Tydens die

⁴⁶ *De Volksstem*, 1894-12-19 (De feestviering te Paardekraal), p. [3].

⁴⁷ *De Volksstem*, 1894-12-19 (Dingaansdag), p. [3].

⁴⁸ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 62.

hoeksteenlegging het genl. Piet Joubert weer die gedagte geopper dat ‘n algemene Voortrekkermonument opgerig moes word. Nogeens is ‘n komitee in die lewe geroep om fondse daarvoor in te samel, maar die krisistoestande in Transvaal en die daaropvolgende Anglo-Boereoorlog het hulle planne verydel.⁴⁹

c. Jamesoninval (1895)

Pas na Dingaansdag, op 29 Desember 1895, het dr. L.S. Jameson (1853-1917) Transvaal met ‘n mag van vyfhonderd-en-tien manskappe ingeval. Jameson en C.J. Rhodes (1853-1902), premier van die Kaapkolonie, het gehoop dat die aksie die ZAR onder Britse outoriteit sou terugplaas. Die komplot het egter misluk en op 2 Januarie 1896 het Jameson en sy manne hulle naby Krugersdorp aan die Transvaalse magte oorgegee.⁵⁰ Die gebeure het die burgers van die ZAR laat besef dat die stryd van 1880-1881 nie die laaste botsing met Britse Imperialisme sou wees nie.

Pas nadat Jameson in hegtenis geneem is, wou enkele Transvalers ‘n monument op die plek van oorgawe laat oprig en 2 Januarie tot vakansiedag (Jamesondag) verklaar. Pres. Kruger het die versoek afgekeur en verklaar dat die volk reeds ‘n dag gehad het om te vier, naamlik Dingaansdag.⁵¹ In die twintigste eeu is dikwels teen die naam Dingaansdag beswaar gemaak, as sou dit ‘n rassisties-meerderwaardige en onverkwiklike houding teenoor verslane swartes impliseer. Uit laasgenoemde insident is dit egter duidelik dat dit ‘n negentiende-eeuse tradisie was om veldslae se datums met die naam van die vyandelike aanvoerder te assosieer en dat dit nie met ras te doene gehad het nie.

d. Entoesiastiese vierings in 1896

Die Britse bedreiging het tot gevolg gehad dat die belangstelling in Dingaansfeeste in 1896 veel groter as ooit tevore was.⁵² In dié jaar het die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk weer

⁴⁹ *De Burger*, 1917-12-15 (Het Moordspruit-Monument [skets]), p. 3; *De Burger*, 1917-12-15 (Redaksioneel), p. 4; W. Prinsloo, Bloedrivier se ossewa het ‘n lang pad gekom, *Die Huisgenoot* 42(2593), 1971-12-17, p. 69; O.J.O. Ferreira, ‘n Volk se hulde. *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, p. 191.

⁵⁰ D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary Of South African Biography III*, pp. 438-440, 704.

⁵¹ T. Pakenham, *Die Boere-Oorlog*, p. 39.

⁵² E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, p. 159.

die viering van 16 Desember vanuit ‘n kerklike oogpunt ondersoek en besluit dat die dag “ooreenkomstig de door onze vaderen aan God gedane belofte, als een Sabbath kerkelijk gevierd [moet word] in elk jaar, in al de gemeenten van ons land.”⁵³

In die media is Transvalers in Desember 1896 herinner dat die Trekkers weens eendrag by Bloedrivier oorwin het en dat hulle ook voor die eietydse krisis moes saamstaan. Terselfdertyd is hulle vermaan dat dit vir oorlewing noodsaaklik was om aan geloof en tradisie vas te hou, waarby die nakoming van die Gelofte vanselfsprekend ingesluit was.⁵⁴

Die laaste Paardekraalse Staatsfees van die eeu sou in 1896 plaasvind. Die Volksraad het reeds £3 000 vir die fees bewillig toe runderpes onder vee in die Republiek uitbreek het. Gevolglik is die verrigtinge afgestel. Die Volksraad het die volk herinner dat elkeen binne hulle eie huisgesin of gemeenskap fees moes vier om die geloftes van die volk (dié van 1838 en die hernuwing in 1880) na te kom. Veldkornette en landdroste is versoek om in die onderskeie streke onderling te skakel om wyksbyeenkomste te reël, maar regulasies wat die verspreiding van runderpes moes voorkom, moes steeds streng gehandhaaf word. Vee en ossewaens kon nie willekeurig rondbeweeg nie. Verder is die volk herinner dat 16 Desember ‘n godsdienstige feesdag moes wees en dat vermaaklikhede nie ‘n plek onder die verrigtinge moes kry nie.⁵⁵

Ten spyte van die runderpes en motreën, was ‘n groot skare wel by Paardekraal byeen. Die feesatmosfeer het veral van nasionalisme getuig. Talle tente is op die terrein opgeslaan, wat dit vir mense moontlik gemaak het om na die fees te gaan en daar te oornag, sonder om noodwendig met ‘n ossewa na Krugersdorp te reis.⁵⁶ Verversings is in die tentedorp verkoop. Die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij het van 15 tot 17 Desember spesiale treine tussen verskeie stasies en Krugersdorp gereël. ‘n Afslag van vyftig tot vyf-en-sewentig persent is op gewone tariewe toegestaan aan feesgangers wat per spoor na Paardekraal wou reis. Eregaste is op 15 Desember 1896 by Paardekraal verwelkom en die aand het ‘n godsdienstige byeenkoms die feesgangers op die herdenking van die Gelofte voorberei.

⁵³ *De Kerkbode* 9(2), 1918-01-10 (Brief: H.F. Schoon, Ladysmith), p. 41.

⁵⁴ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1.

⁵⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 34-35.

⁵⁶ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1.

Die oggend van 16 Desember het om 04:30 met ‘n saluut van een-en-twintig skote deur die Staatsartillerie begin. Van 07:00 af het die Artilleriemusiekkorps vir geleentheidsmusiek gesorg. Soos gebruiklik het pres. Paul Kruger as hoofspreker opgetree. In sy rede het hy die “oud volk van het land, nuwe inkomelingen, [en] vreemdelingen” vermaan om hulle geloftes aan God na te kom en hulle te bekeer. Hy het hulle opnuut herinner dat die fees op 16 Desember uitsluitlik ‘n godsdienstige byeenkoms moes wees en nie ‘n geleentheid om eer aan mense te betoon nie. Ander bekende sprekers by die fees was genl. Piet Joubert en oud-pres. M.W. Pretorius. Die Kaapse parlamentslid, D.P. van den Heever (1838-1903) het ook ‘n rede gelewer en Kaapse groete van mede-Afrikaners aan die feesgangers oorgedra. Kinderkore het verder luister aan die verrigtinge verleen. Die byeenkoms is laatmiddag met ‘n erediens afgesluit, maar dit het nie die einde van die feestelikhede beteken nie. Om ongeveer 09:00 het die maan deur die wolke begin skyn en mense het tot laatnog in die feeskamp saamgekuier.

Op 17 Desember 1896 is die kampeerders weer teen dagbreek deur ‘n saluut gewek. Aanvanklik het dit swaar gereën, maar toe die weer opklaar, het skyskietwedstryde gevolg. Op 18 Desember is ‘n bal deur Krugersdorpers ter ere van die Staatsartillerie se offisiere aangebied.⁵⁷

Na afloop van die fees het die koerant *The Star* in ‘n hoofartikel kritiek oor die ongereserveerde pro-Afrikanerinhoud van die redes van sommige sprekers by Paardekraal uitgespreek. Op sy beurt het *De Volksstem* weer *The Star* oor die kritiek berispe en verklaar dat geen fatsoenlike mens daarvan notisie sou neem nie. Die oor-en-weer woordestryd tussen die Engels- en Afrikaanstalige pers na afloop van Dingaansfeeste sou deur die twintigste eeu voortduur.⁵⁸

In Pretoria is 16 Desember 1896 om 04:30 met een-en-twintig kanonskote aangekondig. Dit is deur die Staatsartillerie afgevuur, soos wat in die jaar se Staatsalmanak aangekondig is. Besigheid het op dié dag tot stilstand gekom. ‘n Oggenddiens van die Geref. Kerk is onder leiding van ds. P. (Petrus) Postma (1854-1919) in ‘n tent gehou. Dit is só goed ondersteun, dat

⁵⁷ *De Volksstem*, 1896-12-04 (Advertensie: Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, Pretoria), p. [4]; *De Volksstem*, 1896-12-17 (Het Paardekraalfeest), pp. 1, [4]; W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 810; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 36-37; Sentraal Feestkommissie, *Offisieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, p. 11; H.M. Rex, *Die viering van Gelofteedag die vorige eeu*, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 16.

⁵⁸ *De Volksstem*, 1896-12-18 (De “Star” en het Paardekraalfeest), p. 1.

talle mense buite die tent moes staan en luister. Ds. Postma se boodskap en oorsig oor die geskiedenis van die Groot Trek tot die hede was so aangrypend, dat talle aanwesiges trane in die oë gekry het. In die middag het nog 'n byeenkoms in die tent gevolg. Dit was weer eens so goed ondersteun dat die tent te klein was. Leerlinge van Pretoriase skole het om 14:00 van die Staatsmodelskool na die feestent beweeg om die Transvaalse volkslied daar te gaan sing. Die kinders het strikkies gedra wat gratis aan hulle voorsien is. Verskeie hoogwaardigheidsbekleërs het tydens die middagsamekoms toesprake gelewer en die program is met gebed en samesang afgesluit. In die aand het nog 'n godsdienstige byeenkoms gevolg.⁵⁹

Ten spyte van motreën is ligter vermaak in Bereapark vir Pretorianers gehou. Die Pretoria Mechanics' Amateur Cycling Club het naamlik 'n spesiale program met die oog op die herdenking van Dingaansdag aangebied. Dit het uit verskeie fietswedrenne bestaan, insluitend 'n "Ladies Bicycle Competition" waaraan drie dames deelgeneem het. Musiek is deur 'n orkes voorsien. Die verrigtinge is met 'n prysuitdeling afgesluit. Volgens die naamlys van prysweners was die deelnemers merendeels Engelssprekende Pretorianers.⁶⁰ In die aand is vuurwerke in die stad vertoon. Dit is deur verskeie inwoners geborg.⁶¹

Weens die runderpes het verskeie plattelandse Transvaalse gemeenskappe in 1896 hulle eie byeenkomste op Dingaansdag gehou. Op die plaas Grootspuit, in die omgewing van Standerton, is 'n suksesvolle saamtrek op 16 Desember afgehandel. Ter aanvang is die Vierkleur gehys en 'n saluut van een-en-twintig skote gevuur. 'n Jeugkoor onder leiding van 'n plaaslike onderwyser het die Transvaalse volkslied gesing. Die dag se program het verder hoofsaaklik uit 'n godsdienstige opening, redes deur prominente persone, verhale uit die Groot Trek deur 'n oorlewende Trekker (Gert Lucas Joubert) en 'n dankgebed ter afsluiting bestaan.

Op die plaas Doornhoek, in die distrik Marico, is 'n fees deur die plaaslike veldkornet gereël. Dit het onder gespanne bokseile plaasgevind. Die veldkornet het die ontstaansgeskiedenis van Dingaansdag aan die aanwesiges verhaal, waarna hulle vermaan is dat hulle afvalligheid van die Gelofte die eietydse bedreigings veroorsaak het. Diep onder die indruk van die boodskap het

⁵⁹ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1; *De Volksstem*, 1896-12-18 (Dingaansdag), p. 1; C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, p. 604; Anoniem, Saluutskote oor Pretoria, *Pretoriana* 3(1), September 1953, p. 20.

⁶⁰ *De Volksstem*, 1896-12-18 (Dingaansdag sports), p. 1.

⁶¹ *De Volksstem*, 1896-12-15 (Dingaansdag), p. 1.

die aanwesiges spontaan klippe opgetel en gestapel met die onderlinge belofte om voortaan jaarliks die Gelofte aan die Hemelse Vader na te kom. Die feesgangers het die terrein verlaat met die tevredenheid dat ‘n verbond met “God en natie” opnuut opgerig is.⁶²

By Klerksdorp en Ermelo het plaaslike leraars skynbaar die byeenkomste gereël. Ermelo se saamtrek is in die plaaslike kerkgebou gehou. Die onderskeie programme het veral uit godsdienstige items en toesprake deur gemeenskapsleiers bestaan.⁶³

Dit is duidelik dat die Jamesoninval en die runderpes vir meer erns in die jaar se Dingaansfeesprogramme gesorg het, as wat ‘n jaar tevore die geval was.

e. Herdenkings van 1897 en 1898

Min gegewens is oor die feeste van 1897 bekend. In Pretoria is ‘n klompie vuurpyle op Dingaansdag vanuit die pas-voltooide Fort Schanskop afgevuur om die dag te gedenk.⁶⁴

In 1898 is die eerste Dingaansfees op ‘n ander terrein as Paardekraal aan die Witwatersrand gehou. Dit het naamlik op die plaas Olifantsfontein plaasgevind.⁶⁵

‘n Groot skare was ook weer by Paardekraal saam. Die dreigende oorlogswolke het steeds belangstelling in die viering van die dag vergroot. Toesprake wat by die fees gehou is, het van onsekerheid en oorlogsverwagtings getuig.⁶⁶

Omdat daar geen duidelikheid was of, en indien wel wanneer, die oorlog tussen die Britse Ryk en die Boererepublieke sou uitbreek nie, is daar in 1898 geen poging aangewend om enige spesiale geloofsverbond ter behoud van volk en vaderland met God te sluit nie. ‘n Mens kan op grond van die gebeure van 1838 en 1880 spekulêer dat dit wel die geval sou wees as die vierders kon weet dat die Anglo-Boereoorlog in 1899 ‘n aanvang sou neem.

⁶² *De Volksstem*, 1896-12-20 (Dingaansdag), p. s.n.

⁶³ *De Volksstem*, 1896-12-21 (Dingaansdag), p. 1; *De Volksstem*, 1896-12-22 (Dingaansdag), p. 1.

⁶⁴ Geskrewe inligting: E.E. Pretorius, Inligtingsbeampte by die Voortrekkermonument, Posbus 1514, Groenkloof, Pretoria, 2001-03-26.

⁶⁵ F. Pretorius, Geloftegedag deur die jare, in A.P. van der Colf (red.), “*Hier staan ons ...*” *Geloftefeesbundel*, p. 68.

⁶⁶ M.J. Swart, *Geloftegedag*, p. 34.